


Argief

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT



UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Wednesday, 10 July 1968

WINDHOEK

Woensdag, 10 Julie 1968

No. 2905

## CONTENTS

## INHOUD

Bladsy/Page

### GOVERNMENT NOTICE:

No. 98 Municipality of Gobabis: Drainage and Plumbing Regulations . . . . .

### GOEWERMENSKENNISGEWING:

Munisipaliteit van Gobabis: Riolerings- en Loodgietersregulasies . . . . . 1221

## Government Notice

## Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 98.]

[10 July 1968

No. 98.]

[10 Julie 1968

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section 243 of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following regulations made by the Municipality of Gobabis.

### MUNICIPALITY OF GOBABIS.

#### DRAINAGE AND PLUMBING REGULATIONS.

##### CHAPTER I — GENERAL REGULATIONS.

##### 1. INTERPRETATION OF TERMS.

In the construction of these regulations the following words and expressions shall have the meaning hereinafter respectively assigned to them, unless the context otherwise requires:—

“building” shall mean any structure whatsoever for whatever purpose used;

“Council” shall mean the duly constituted Council of the Municipality, acting through or by its duly appointed or authorised officers, or those acting in their behalf;

“the engineer” and other officials of the Municipality referred to in these regulations shall mean the persons from time to time holding the said appointment or acting in the said capacities in connection with the said Municipality;

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande regulasies opgestel deur die Munisipaliteit van Gobabis, goed te keur.

### DIE MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS.

#### RIOLERINGS- EN LOODGIETERSREGULASIES.

##### HOOFSTUK I — ALGEMENE REGULASIES.

##### 1. WOORDBEPALING.

By die vertolking van hierdie regulasies het onderstaande woorde en uitdrukings die onderskeie betekenisse wat hierin daaraan toegeken word, tensy die sinsverband dit anders vereis:—

„gebou” beteken enige struktuur hoegenaamd, vir watter doel dit ook al gebruik word;

„Raad” beteken die behoorlik saamgestelde Raad van die Munisipaliteit wat deur of by wyse van sy behoorlik aangestelde of gemagtigde beamptes optree, of diegene wat namens hulle optree;

„die ingenieur” en ander beamptes van die Munisipaliteit na wie in hierdie regulasies verwys word, beteken die persone wat van tyd tot tyd voornoemde betrekking beklee of wat in voornoemde hoedanighede in verband met voornoemde Munisipaliteit optree;

“owner” as used in connection with any land or premises shall include any person receiving the rents or profits of such land or premises from any tenant or occupier thereof or who would receive such rents or profits if such land or premises were let, whether on his own account, or as agent for any person entitled thereto or interested therein;

“occupier” shall include any person in actual occupation of land or premises without regard to the title under which he occupies, and in cases of premises sub-divided and let to lodgers or various tenants, the person receiving the rent payable by lodgers or tenants, whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein. The word owner or “occupier” or other words denoting the person owning or occupying any property, and the word “person” shall, for the purpose of enforcing the penalties under these regulations mean, in the case of a firm or partnership, all or any one or more of the members of such firm or partnership, and in the case of any company, and of any body of persons not being a firm or partnership in the ordinary meaning of these terms, the secretary or manager of such company, or body, or should there be no secretary or manager, then any member of the board of directors or managing board or committee of such company of body;

“person” shall mean any person or body or persons whether corporate or not;

“street” shall include any street, square, road, lane, sub-way, avenue, bridge, thoroughfare or public place or passage, within the boundaries of the Municipality;

“property” and “premises” shall mean and include any number of stands forming the precincts of or the grounds attached to any building;

“drain” shall mean that portion of a drainage system not vested in the Council which conveys the discharge from soil, waste and other drainage pipes from any building to the sewer;

“sewer” shall mean any conduit vested in the Council for the carriage of sewage;

“stormwater drain” shall mean that portion of a stormwater drainage system not vested in the Council which conveys storm, surface, sub-soil, or spring waters from any buildings or private ground to discharge into a street gutter, channel or stormwater sewer;

“stormwater sewer” shall mean any conduit vested in the Council for the carriage of storm, surface, sub-soil or spring waters;

“connection” shall mean that portion of the drain referred to in the previous definition, situate between the Council’s sewer and a drain situate or to be constructed on or for private property. The term “junction” used in context with the term “connection” shall mean a pipe junction in the Council’s sewers for the purpose of receiving a drain or a connection from a drain.

“drainage work” shall include any drain, water closet, lavatory, sink, water supplying apparatus, waste or other pipe, or any word connected with the discharge of liquid or solid matter into any drain or sewer or otherwise connected with the drainage of any premises;

“waste water” shall mean discharge of a non-excremental character from baths, lavatory basins, sinks, housemaids’ sinks, butlers’ sinks and wash tubs;

„eienaar” soos in verband met enige grond of perseel gebruik, sluit enigeen in wat die huurgelde of opbrengste van sodanige grond of perseel van enige huurder of okkupeerder daarvan ontvang of wat sodanige huurgelde of opbrengste sou ontvang indien sodanige grond of perseel verhuur was, hetsy vir eie rekening of as agent vir enigeen wat daartoe geregtig is of wat daarby belang het;

„okkupeerder” sluit enigeen in wat ’n stuk grond of ’n perseel in werklikheid okkupeer, afgesien van die eiendomsreg waarkragtens hy dit okkupeer, en in gevalle van persele wat onderverdeel en aan loseerders of verskillende huurders verhuur is, die persoon wat die huurgeld deur loseerders of huurders betaalbaar, ontvang, hetsy vir eie rekening of as agent vir enigeen wat daartoe geregtig is of wat daarby belang het. Vir die toepassing van die strawwe kragtens hierdie regulasies beteken die woord „eienaar” of „okkupeerder” of ander woorde wat die persoon aandui wat enige eiendom besit of okkupeer, asook die woord „persoon”, in die geval van ’n firma of vennootskap, almal of enigeen of meer van die lede van sodanige firma of vennootskap, en in die geval van enige maatskappy en van enige liggaam van persone wat volgens die gebruikelike betekenis van hierdie terme nie ’n firma of vennootskap is nie, die sekretaris of bestuurder van sodanige maatskappy of liggaam, of indien daar geen sekretaris of bestuurder is nie, dan enige lid van die raad van direkteure of besturende raad of komitee van sodanige maatskappy of liggaam;

„persoon” beteken enige persoon of liggaam van persone, hetsy met of sonder regs persoonlikheid;

„straat” omvat enige straat, plein, pad, gang, duikweg, laan, brug, deurstraat of publieke plek of deurgang binne die grense van die Munisipaliteit;

„eiendom” en „perseel” beteken en omvat enige aantal boupersele wat die omgewing uitmaak van enige gebou of die stukke grond wat so ’n gebou omgewe;

„riool” beteken die gedeelte van ’n rioleringsstelsel wat nie by die Raad berus nie en wat die uitvloeiing van nagvuil-, afvalwater- en ander dreineringspype van enige gebou na die rioolpyp vervoer;

„rioolpyp” beteken enige geleidingskanaal, wat by die Raad berus, vir die vervoer van rioolvullis;

„vloedwaterriool” beteken die gedeelte van ’n vloedwaterrioleringsstelsel wat nie by die Raad berus nie en wat vloed-, oppervlakte-, onderaardse of fonteinwaters van enige gebou of private grond vervoer om dit in ’n straatvoor, watersloot of vloedwaterrioolpyp te laat uitvloei;

„vloedwaterrioolpyp” beteken enige geleidingskanaal, wat by die Raad berus, vir die vervoer van vloed-, oppervlakte-, onderaardse of fonteinwaters;

„verbinding” beteken die gedeelte van die riool waarna in die voorafgaande omskrywing verwys word, geleë tussen die Raad se rioolpyp en ’n riool wat op private eiendom geleë is of wat daarop of daarvoor gebou gaan word. Die term „aansluiting” in verband met die term „verbinding” gebruik, beteken ’n pypaansluiting in die Raad se rioolpype vir die doel om ’n riool of ’n verbinding vanaf ’n riool op te neem;

„rioleringsinrigting” omvat enige riool, waterkloset, waskamer, vuilwaterbak, watervoorsieningstoestel, afvoer- of ander pyp, of enige inrigting in verband met die ontlasting van vloeibare of vaste stof in enige riool of rioolpyp, of wat andersins verbind is met die riolerings van enige perseel;

“waste fitment” shall include baths, lavatory basins, sinks, housemaids' sinks, butlers' sinks and wash tubs;

“waste pipes” shall mean any pipe fixed inside or outside a building which pipe receives the discharge of any waste fitment and conveys the same to the gully trap, soil or waste stacks;

“soil water” shall mean discharges from water closets, slop sinks, urinals, bidets, urinettes and bedpan sinks;

“soil water fitments” shall include water closets, slop sinks, urinals, bidets, urinettes and bedpan sinks;

“soil pipe” shall mean any pipe fixed inside or outside a building which pipe conveys the discharge of any soil water fitment with or without the discharges from other fitments to the drain;

“slop-hopper” shall mean a fitting intended for the reception of slop water from bedrooms or other dirty water containing any excremental liquid or substance;

“housemaid's sink” shall mean a fitting intended for washing toilet ware but not intended for the reception of excremental liquid or substance;

“trade effluent” shall mean any liquid, either with or without particles of matter in suspension therein, which is wholly or in part produced in the course of any trade or industry, carried on at trade premises and, in relation to any trade premises shall mean any such liquid as aforesaid which is produced in the course of any trade or industry carried on at those premises, but does not include domestic sewage;

“trade premises” shall mean any premises used or intended to be used for carrying on any trade or industry.

„afvalwater” beteken ontlastings wat geen drekstowwe bevat nie, uit baddens, waskamerbakke, vuilwaterbakke, huishoudelike of keldervuilwaterbakke, of wasbalies;

„afvoerinrigting” omvat baddens, toiletwasbakke, vuilwaterbakke, huishoudelike vuilwaterbakke, keldervuilwaterbakke en wasbalies;

„afvoerpyp” beteken enige pyp wat binne of buite 'n gebou bevestig is wat die ontlasting van enige afvalinrigting opneem en dit na die rioolstankafsluiting, nagvuil- of afvalpype vervoer;

„nagvuilwater” beteken ontlastings uit waterklosette, vuilwaterbakke, urinale, bidette, urinoirs en bedpanbakke;

„vuilwaterinrigting” omvat waterklosette, vuilwaterbakke, urinale, bidette, urinoirs en bedpanbakke;

„nagvuilpyp” beteken enige pyp, binne of buite 'n gebou bevestig, wat die ontlasting van enige nagvuilwaterinrigting met of sonder die ontlastings uit ander inrigtings na die riool vervoer;

„spoeltregter” beteken 'n installasie wat bedoel is vir die opname van afvalwater uit slaapkamers, of van ander vuilwater wat enige vloeibare of vaste ontlastingsstof bevat;

„huishoudelike vuilwaterbak” beteken 'n installasie wat bedoel is vir die was van toiletware, maar wat nie vir die opname van vloeibare of vaste ontlastingsstof bedoel is nie;

„bedryfsafvalwater” beteken enige vloeistof, hetsy met of sonder stofdeeltjies daarin in suspensie, wat geheel of gedeeltelik gevorm word in die loop van enige bedryf of nywerheid wat op 'n bedryfsperseel uitgevoer word, en beteken met betrekking tot enige bedryfsperseel enige sodanige vloeistof soos voorheen aldus gevorm word in die loop van enige bedryf of nywerheid wat op die perseel uitgevoer word, maar sluit geen huishoudelike rioolvullis in nie.

„bedryfsperseel” beteken enige perseel wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word om enige bedryf of nywerheid uit te voer.

## 2. APPEAL.

Every person shall have the right of appeal to the Council or a committee of the council appointed to administer these regulations against any decision of the engineer under these regulations.

## 3. APPROVAL OF COUNCIL REQUIRED FOR ALL CONNECTIONS AND OTHER DRAINAGE WORKS.

In every case where any connection or any drainage work is effected, altered, or renewed by any owner or occupier of premises within the Municipality, whether voluntarily or compulsorily, under these or any of the Council's regulations every such connection or drainage work shall comply with the regulation, and shall, both during and upon completion of any work of construction, renewal or alteration, be subject to inspection, control and approval of the Council, and before such work is commenced a plan thereof, except in the cases referred to elsewhere in these regulations, shall be submitted to and approved by the Council.

## 4. DISCONNECTIONS AND REMOVAL OF SANITARY FITMENTS.

No water closet, urinal, or other fitment shall be disconnected from any drain without application having been made in writing to, and written permission obtained from

## 2. APPÈL.

Iedereen het die reg om by die Raad of 'n komitee van die Raad wat vir die toepassing van hierdie regulasies aangestel is, appèl aan te teken teen enige beslissing van die ingenieur kragtens hierdie regulasies.

## 3. GOEDKEURING VAN DIE RAAD WORD VEREIS VIR ALLE VERBINDINGS EN ANDER RIOLE-RINGSINRIGTINGS:

In elke geval waar daar deur enige eienaar of okkupeerder van 'n perseel binne die Munisipaliteit hetsy vrywillig of onder verpligting, enige verbinding of enige rioleringsinrigting kragtens hierdie of enige van die Raad se regulasies uitgevoer, verbou of hernieu word, moet iedere sodanige verbinding of rioleringsinrigting aan die regulasies voldoen, en is dit, gedurende sowel as ná voltooiing van enige konstruksie-, hernuwings- of verbouingswerk, onderhewig aan inspeksie, beheer en goedkeuring deur die Raad, en alvorens met sodanige werk 'n aanvang geneem word, moet behalwe in gevalle waar na elders in hierdie regulasies verwys word, 'n ontwerp daarvan aan die Raad voorgelê en deur hom goedgekeur word.

## 4. LOSKOPPELING EN VERWYDERING VAN SANITÊRE INRIGTINGS.

Geen waterkloset, urinaal of ander inrigting mag van enige riool losgekoppel word nie tensy daar by die ingenieur skriftelik aansoek gedoen en van hom skriftelik

the engineer. In the event of such permission being given, an inspection fee of 50c (fifty cent) shall be paid, and the work shall be done by registered workmen, as laid down elsewhere in these regulations. The fitment to be disconnected shall be removed, and all soil or waste pipes thereby thrown into disuse shall be removed, and all drain pipes thrown into disuse, shall either be removed or have all openings effectively sealed with cement concrete. Due notice regarding inspection shall be sent in writing to the engineer, and on compliance with the provisions of these regulations and all the conditions herein contained, a certificate shall be issued by the engineer on demand, and the charges in respect of such disconnected fitment shall cease from the date of such certificate. Until such certificates shall have been issued by the engineer, the charges for the use of the sewer in respect of such fitment shall continue in full force and effect. Every fitment once connected to a sewer shall, until disconnected as provided herein, be paid for by the owner in accordance with the charges laid down in these regulations, where such charge is based on the number of fitments installed.

#### 5. MAINTENANCE OF DRAINS.

The owner of any premises shall at his own expense maintain and repair all drains on such premises, including the connection between such drains and the municipal sewer, and keep all drainage works upon such premises and the drain for such premises in a proper condition to the satisfaction of the Council. In all cases where the properties of more than one owner are served by any drain, such owners shall be jointly and severally responsible for the duty of maintaining and repairing such drain. In the event of it appearing to the Council that such duty is or has been neglected, the Council may at any time itself carry out any work that is required, and recover the cost thereof from such owners in such proportion as the Council in its absolute discretion may decide in any particular case. Upon the discovery of a stoppage in any drain on any property, the owner or occupier, or any plumber that may be employed by the owner or occupier, shall at once report same to the Council. The Council will undertake the removal of obstructions from all house drains, and no person will be permitted to remove, alter, or in any way tamper with any drainage installation, except under the supervision of the engineer or an official duly authorised by him.

The owner of any premises on which drains have been cleared of any obstruction by the Council shall defray the cost of clearing such obstruction.

Where two or more premises are connected to one common drain, the cost of clearing any blockage shall be equally divided between the owners of the premises drained, unless the blockage takes place in a section of the drain used by one occupier or owner only, in which case the cost shall be borne by the occupier or owner of the premises served by such section.

#### 6. POWER OF COUNCIL TO DEAL WITH CASES OF UNLAWFUL CONNECTION OF DRAINS, ETC. OR IF MATTER IS NOT URGENT TO GIVE NOTICE TO THE OFFENDERS TO DO WHAT IS NECESSARY.

In all cases where any person shall make, alter or otherwise deal with any connection or drainage work in such a way as to contravene any of the Council's regula-

verlof verkry is. Indien sodanige verlof toegestaan word, moet 'n inspeksietarief van 50c (vyftig sent) betaal word en moet die werk deur geregistreerde werksmense uitgevoer word, soos elders in hierdie regulasies bepaal. Die inrigting wat losgekoppel moet word, moet verwyder word, en alle nagvuil- of afvoerpype wat daardeur in onbruik raak, moet verwyder word, en alle dreineerpype wat in onbruik raak, moet of verwyder word of by alle openinge met sementbeton doeltreffend diggemaak word. Behoorlike kennisgewing betreffende inspeksie moet skriftelik aan die ingenieur gestuur word, en by voldoening aan die bepalings van hierdie regulasies en aan al die voorwaardes hierin vervat, moet op aanvraag 'n sertifikaat deur die ingenieur uitgereik word, en word die tariewe ten opsigte van sodanige losgekoppelde inrigting van die datum van sodanige sertifikaat gestaak. Totdat sodanige sertifikaat deur die ingenieur uitgereik is, bly die tariewe vir die gebruik van die rioolpyp ten opsigte van sodanige inrigting ten volle van krag en in werking. Vir alle inrigtings moet, sodra dit aan 'n rioolpyp verbind is en totdat dit losgekoppel word soos hierin bepaal, deur die eienaar betaal word ooreenkomstig die tariewe wat in hierdie regulasies vasgestel is, waar sodanige tarief op die aantal geïnstalleerde inrigtings gebaseer is.

#### 5. INSTANDHOUDING VAN RIOLE.

Die eienaar van enige perseel moet alle riole op sodanige perseel, met inbegrip van die verbinding tussen sodanige riole en die munisipale rioolpyp, op eie koste in stand hou en herstel en alle rioleringswerke op sodanige perseel asmede die riool vir sodanige perseel in 'n behoorlike toestand hou tot bevrediging van die Raad. In alle gevalle waar die eiendom van meer as een eienaar deur enige riool bedien word, rus op sodanige eienaars gesamentlik of afsonderlik die verpligting om sodanige riool in stand te hou en te herstel. Ingeval by die Raad die indruk geskep word dat sodanige verpligtinge nie nagekom word of nie nagekom is nie, kan die Raad te eniger tyd enige werk self uitvoer wat vereis word, en die koste daarvan op sodanige eienaars verhaal in sodanige verhouding as wat die Raad na volstreekte goeddunke in enige besondere geval beslis. By die ontdekking van 'n verstopping in 'n riool op enige eiendom moet die eienaar of okkupeerder, of enige loodgieter wat by die eienaar of okkupeerder in diens is, dit onverwyld aan die Raad rapporteer. Die Raad sal die verwydering van verstoppings uit alle huisriole onderneem, en niemand sal toegelaat word om enige rioleringsinstallasie te verwyder of te verbou of hom op enigerlei wyse daarmee te bemoei nie, behalwe onder die toesig van die ingenieur of 'n beampte wat behoorlik deur hom daartoe gemagtig is.

Die eienaar van enige perseel waarop enige verstopping deur die Raad uit riole verwyder is, moet die koste van verwydering van sodanige verstopping betaal.

Waar daar twee of meer persele met een gemeenskaplike riool verbind is, moet die koste van die verwydering van enige verstopping gelykop verdeel word tussen die eienaars van die persele wat gedreineer word, tensy die verstopping plaasvind in 'n afdeling wat slegs deur een okkupeerder of eienaar gebruik word en in so 'n geval moet die koste bestry word deur die okkupeerder of eienaar van die perseel wat deur sodanige afdeling bedien word.

#### 6. BEVOEGDHEID VAN RAAD OM HANDELEND OP TE TREE IN GEVALLE VAN ONGEORLOOFDE VERBINDING VAN RIOLE, ENS., OF, INDIEN DIE SAAK NIE DRINGEND IS NIE, OM AAN DIE OORTREDERS KENNIS TE GEE OM TE DOEN WAT NODIG IS.

In alle gevalle waar enigen 'n verbinding of rioleringsinrigting op so 'n wyse maak, verbou of andersins daarmee handel, dat hy enigen van die Raad se regulasies

tions, or shall allow or cause any connection or any drainage work, for the proper maintenance of which he is responsible, to fall into a bad or defective condition, or to become obstructed, such person, on receiving notice from the engineer, shall immediately remake, alter, repair, cleanse or remove any obstruction from such connection, or drainage work, and if such person fails to comply with such notice within a reasonable time to be stated in the notice, the Council may itself execute such work as is prescribed in such notice and recover the cost of same — including any necessary new piping or replacement — from from such person who shall in addition be liable to the penalty for breach of these regulations. The Council may, however, in cases of urgency, itself carry out such work without giving notice as aforesaid and recover any cost or penalties as aforesaid.

#### 7. POWER OF COUNCIL TO DO WORK ITSELF IN CERTAIN CASES.

In all cases where any person is required under these regulations to effect any connections or drainage work or to do any other work in the way of construction, alteration, repairs to any connection or drainage works, the Council may, if such work has not been commenced or completed within reasonable time or in cases where a time specified in a notice served by the Council required such work to be done, within the time so specified for such work to be done, itself undertake and complete such work, and recover the entire cost thereof from such person as well as proceedings against him for any breach of these regulations.

#### 8. PENALTY FOR OBSTRUCTING OFFICIALS.

Any person refusing admittance, or reasonable information to, or obstructing any of the Council's officials whilst such official is carrying out, or attempting to carry out, any work or inspection which such official is authorised to carry out under these regulations, shall be guilty of an offence and on conviction liable to the penalties for breach of these regulations.

#### 9. PERMISSION TO CONNECT WITH SEWERS.

The owner of any premises within the Municipality wishing to have his drains connected with any of the Municipal sewers shall give notice in writing to the engineer of his desire to effect such connection, and obtain the engineer's consent.

Any person establishing or attempting to establish such connection in contravention of this section shall be guilty of an offence and on conviction liable to the penalties for breach of these regulations.

#### 10. COUNCIL MAY COMPEL CONNECTION WITH SEWER.

(1) The owner of any property or premises which are at a suitable level of drainage into a municipal sewer shall, on receiving notice from the engineer, construct and install drainage works, or cause the same to be done, so as to provide drainage into such municipal sewer for such property or premises, and on such works being completed the owner shall send notification of same addressed to the Council, in order that the slopwater and pail service rendered to the premises may be discontinued.

(2) All new buildings and all additions and alterations to existing buildings shall be located in such posi-

oortree of waar hy toelaat of veroorsaak dat enige verbinding of rioleringsinrigting, vir die behoorlike instandhouding waarvan hy verantwoordelik is, in 'n slegte of gebrekkige toestand raak, of dat dit verstopt raak, moet sodanige persoon op ontvangs van kennisgewing van die ingenieur, sodanige verbinding of rioleringsinrigting onverwyld vervang, verbou, herstel of skoonmaak, of enige verstopping daaruit verwyder, en indien sodanige persoon in gebreke bly om aan sodanige kennisgewing te voldoen binne 'n redelike tyd wat in die kennisgewing vermeld moet word, kan die Raad sodanige werk as wat in sodanige kennisgewing voorgeskryf is, self uitvoer en die koste daarvan — met inbegrip van enige vereiste nuwe pype of vervanging — op sodanige persoon verhaal, wat daarbenewens strafbaar is met die boete vir oortreding van hierdie regulasies. In dringende noodgevalle kan die Raad egter sodanige werk self uitvoer sonder kennisgewing soos voornoem, en kan hy enige koste of boetes, soos voornoem, invorder.

#### 7. BEVOEGDHEID VAN RAAD OM IN SEKERE GEVALLE DIE WERK SELF TE VERRIG.

In alle gevalle waar van enigen verlang word om kragtens hierdie regulasies enige verbinding of rioleringsinrigting uit te voer, of om enige ander werk in verband met konstruksie, verbouing of herstelling aan enige verbinding of rioleringsinrigtings te verrig, kan die Raad indien sodanige werk nie binne 'n redelike tyd, of in gevalle waar daar 'n tyd gespesifiseer is in 'n kennisgewing wat verlang dat sodanige werk verrig moet word, nie binne die tyd wat aldus vir die verrigting van sodanige werk gespesifiseer is, begin of voltooi is nie, sodanige werk self begin en voltooi en al die koste daarvan op sodanige persoon verhaal sowel as geregtelike stappe teen hom doen vir enige oortreding van hierdie regulasies.

#### 8. STRAFBEPALING VIR BELEMMERING VAN BEAMPTES.

Enigen wat aan enige van die Raad se beamptes toegang of redelike inligting weier of wat hulle belemmer terwyl sodanige beamptes enige werk of ondersoek uitvoer of probeer uitvoer wat hulle kragtens hierdie regulasies gemagtig is om uit te voer, is skuldig aan 'n misdryf en by veroordeling strafbaar met die boetes vir oortreding van hierdie regulasies.

#### 9. VERLOF OM MET RIOOLPYE TE VERBIND.

Indien die eienaar van enige perseel binne die Munisipaliteit begerig is dat sy rioler met enigen van die munisipalierioolpype verbind moet word, moet hy aan die ingenieur skriftelik kennis gee van sy begeerte om sodanige verbinding uit te voer en die ingenieur se toestemming verkry.

Enigen wat in stryd met hierdie artikel sodanige verbinding uitvoer of probeer uitvoer, is skuldig aan 'n misdryf en by veroordeling strafbaar met die boetes vir oortreding van hierdie regulasies.

#### 10. RAAD VAN VERBINDING MET RIOOLPYP VERPLIGTEND MAAK.

(1) Die eienaar van enige eiendom of perseel wat op 'n geskikte hoogte lê vir dreinerings tot in 'n munisipale rioolpyp, moet, op ontvangs van 'n kennisgewing van die ingenieur, rioleringsinrigtings bou en installeer of sulks laat doen, teneinde voorsiening te maak vir dreinerings vir sodanige eiendom of perseel in sodanige munisipale rioolpyp, en by die voltooiing van sodanige inrigtings moet die eienaar hiervan kennis gee wat aan die Raad gerig word sodat die vuilwater- en emmerdiens wat aan die perseel gelewer word, gestaak kan word.

(2) Alle nuwe geboue en alle aanbouings en verbouings van bestaande geboue moet in sodanige posisies en op

tions and at such levels as will enable them to be connected to the Council's sewer.

Where a new building is to be erected, or where existing buildings are to be added to or altered, in an area in which no sewer yet exists, the owner of such building, additions and/or alterations shall obtain from the engineer particulars of positions and levels at which it will be necessary to place them and shall erect such building, additions and/or alterations accordingly, so that they can be connected to the Council's sewer at a future date.

#### 11. CONNECTIONS TO PROPERTIES OR JUNCTIONS.

(1) Prior to or at the time of laying sewers in streets, the Council shall, through the engineer, forward a notice accompanied by a sketch showing the position of any connection or junction it is proposed to lay, to each owner whose property is or will become capable of being seweraged by any sewer, and, after the time stipulated in such notice, the engineer shall, in default of any application giving position and depth of connection in reply thereto, make arrangements for laying only such junctions as shall, in his opinion, be suitable for any such property; and in this event, should a connection be required later, it will be laid by the Council at the owner's expense. When an application giving the position and depth of the required connection is received in reply to any notice as aforesaid, a connection will be laid by the Council at its own expense to the boundary of such property, but the engineer shall have the final decision as to the position and depth of such connection.

(2) In the case of stands which are vacant at the time of laying the sewer (a connection will be provided in a position and at a depth which is considered suitable for such stand by the engineer. In the case of stands which are legally created by sub-division after the sewers have been laid, the Council will, at its own expense, lay a connection to the boundary of such property when the owner is ready to connect the premises on such stand to the sewer.

(3) When a property extends over more than one stand, only one connection will be laid at the Council's expense, except where such property consists of semi-detached buildings which could be sold separately, in which case a connection will be laid to each stand if required.

(4) In cases where the backfall of a stand is such that it is not practicable to drain to a connection or to the greatest depth that a connection could be laid, the owner will be required to provide a pump and rising main discharging into the nearest available sewer or manhole to the engineer's approval and at his own expense.

(5) Where a privately owned property of one stand or one registered sub-division accommodates more than one building, and where the engineer considers that more than one connection would be warranted from the point of view of more efficient drainage, the Council will lay, at its own expense, an additional connection for each building or group of buildings which are normally separately occupied.

(6) Where in the opinion of the engineer it is necessary to drain properties by means of branch sewers through adjoining properties, the Council shall have the right to lay such branch sewer in a 3 metre servitude across such adjoining property, provided, however, that a notice to this effect is sent in writing by the engineer to the owner of such stand fourteen days prior to the

sodanige hoogtes geleë wees dat hulle met die Raad se rioolpyp verbind kan word.

Waar 'n nuwe gebou opgerig moet word, of waar by bestaande geboue aangebou of verbou moet word in 'n gebied waar daar nog geen rioolpyp bestaan nie, moet die eienaar van sodanige gebou, aanbouings en/of verbouings van die ingenieur besonderhede verkry van posisies en hoogtes waarop dit nodig sal wees om hulle te plaas, en moet hy sodanige gebou, aanbouings en/of verbouings dienoooreenkomstig oprig, sodat hulle op 'n later datum met die Raad se rioolpyp verbind kan word.

#### 11. VERBINDINGS MET EIENDOMME OF AANSLUITINGS.

(1) Voor of op die tydstip van die aanlê van rioolpype in strate moet die Raad deur die ingenieur 'n kennisgewing saam met 'n skets wat die posisie van die verbinding of aansluiting wat hy voornemens is om aan te lê, aan iedere eienaar stuur wie se eiendom in staat is of in staat sal wees om deur enige sodanige rioolpyp met riolering bedien te word, en ná die tydperk wat in sodanige kennisgewing gestipuleer is, moet die ingenieur, by onstentenis van enige aansoek wat in antwoord op die kennisgewing die ligging en diepte van 'n verbinding aangee, reëlings tref om slegs sodanige aansluiting aan te lê as wat, volgens sy sienswyse, vir enige sodanige eiendom geskik is; en in hierdie geval sal 'n verbinding, ingeval dit later vereis word, deur die Raad op koste van die eienaar aangelê word. Wanneer 'n aansoek wat die ligging en diepte van die vereiste verbinding aangee, in antwoord op enige kennisgewing soos voornoem, ontvang word, sal deur die Raad op eie koste 'n verbinding tot op die grenslyn van sodanige eiendom aangelê word, maar die ingenieur het die finale beslissing ten opsigte van die ligging en diepte van sodanige verbinding.

(2) In die geval van boupersele wat vakant is op die tydstip van die aanlê van die rioolpyp, sal 'n aansluiting verskaf word op 'n posisie en tot 'n diepte wat volgens die sienswyse van die ingenieur vir sodanige bouperseel geskik is. In gevalle van boupersele wat wettig deur onderverdeling geskep word nadat die rioolpype aangelê is, sal die Raad, op eie koste, 'n verbinding aanlê tot by die grenslyn van sodanige eiendom wanneer die eienaar gereed is om die perseel met die rioolpyp te verbind.

(3) Wanneer 'n eiendom oor meer as een bouperseel uitstrek, sal slegs een verbinding op koste van die Raad aangelê word, behalwe waar sodanige eiendom uit skakelgeboue bestaan wat afsonderlik verkoop sou kan word, en in so 'n geval sal 'n verbinding, indien vereis, na iedere bouperseel aangelê word.

(4) In gevalle waar 'n bouperseel na agtertoe skuins lê op so 'n wyse dat dit nie prakties is om dit te dreineer tot by 'n verbinding of tot by die grootste diepte waarop 'n verbinding aangelê kan word nie, sal verlang word dat die eienaar op eie koste 'n pomp en 'n stygleiding aanbring wat in die naaste beskikbare riool of mangat, ter bevrediging van die ingenieur, afvoer.

(5) Waar daar meer as een gebou is op 'n private persoon se eiendom wat bestaan uit een perseel en een geregistreerde onderverdeling en waar, volgens die sienswyse van die ingenieur, meer as een verbinding geregverdig is met die oog op meer doeltreffende riolering, sal die Raad, op eie koste, 'n addisionele verbinding vir elke gebou of groep geboue wat gewoonlik afsonderlik bewoon word, lê.

(6) Waar dit, volgens die sienswyse van die ingenieur, nodig is om persele deur middel van takriole deur aangrensende persele te rioler, sal die Raad die mag hê om sodanige takriool in 'n drie meter-serwituut deur sodanige aangrensende perseel te lê, nadat 'n skriftelike kennisgewing te dien effekte deur die ingenieur op die eienaar van sodanige perseel veertien dae voor die lê van die riool,

aying of such sewer. The owner of a stand over which a branch sewer is laid shall not be entitled to any compensation whatsoever from the Council.

## 12. OPENINGS TO BE SEALED IF REQUIRED.

(1) The Council may further require the owner, at his own expense, to seal up and close the opening of any drain, pipe or drainage work situate upon or at the boundary of his premises, and in such event, the said owner shall keep the same properly closed and sealed until such time as the Council may, by written notice, permit such seal to be removed. The occupier of any premises shall at once notify the Council of any breach or removal of the said seal.

(2) Any person breaking or removing or causing or suffering the breakage or removal of any seal, or the opening of any such drain pipe or drainage work, and any owner or occupier failing to comply with the provisions of this section shall be guilty of an offence and on conviction liable to the penalties for breach of these regulations, and to make good any loss or damage that may be caused to the Council as the Council may be required to make good to any person in consequence of such breach.

## 13. COUNCIL MAY PRESCRIBE SEWER FOR ANY PREMISES.

The Council may in every case prescribe to which portion of the municipal sewer any drain is to be connected, and at what depth below the surface of the ground the portion of such drain which lies outside the boundary of any property is to meet the drain upon such property.

## 14. CHARGE TO COVER SUPERVISION, ETC.

In all cases where any work is carried out by the Council in respect of which it is entitled to recover the cost from any person under these regulations, there may be included in the cost so claimed and recoverable such sum as the engineer shall prescribe to cover the cost of surveys, plans, specifications, quantities, supervisions and the use of tools and plant, and there shall also be included in such cost any expenditure of labour involved in distributing, making good and remaking any of the streets or ground affected.

## 15. SEWAGE NOT TO BE PASSED INTO DRAINS WITHOUT PERMISSION.

No person shall cause or permit any material, liquid or solid, to enter any drain until the owner of the building has received written notice from the Council as prescribed elsewhere in these regulations that the seals described in that section may be removed, provided always that even after such notice, such matter only shall be passed or suffered to be passed into such drain as is permitted under these regulations. Further, no person shall complete the connection between the drain upon his property and such portion of the drain for the building upon such property and lies outside the boundary of such property without the permission of the engineer.

## 16. COUNCIL AND OWNERS MAY AGREE TO CONSTRUCTION BY COUNCIL.

It shall be lawful for the Council to agree with any owner or occupier of any premises that any drains which

gedien is. Die eienaar van die perseel waardeur 'n takriool gelê word, sal nie op enige kompensasie hoegenaamd, van die Raad geregtig wees nie.

## 12. OPENINGE MOET INDIEN VEREIS, VERSEËL WORD.

(1) Die Raad kan verder verlang dat die eienaar die opening van enige riool, pyp of rioleringsinrigting wat op of by die grenslyn van sy perseel geleë is, op eie koste moet verseël en digmaak, en in so 'n geval moet voornoemde eienaar dit behoorlik dig en verseël hou tot op sodanige tydstop soos die Raad by skriftelike kennisgewing toelaat dat sodanige verseëling verwyder word. Die okkupeerder van enige perseel moet die Raad onverwyld in kennis stel van enige verbreking of verwydering van voornoemde verseëling.

(2) Enigeen wat enige seël breek of verwyder, of dit laat breek of verwyder of toelaat dat dit gebreek of verwyder word of dat enige sodanige rioolpyp of rioleringsinrigting oopgemaak word, en enige eienaar of okkupeerder wat in gebreke bly om aan die bepalings van hierdie artikel te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by veroordeling strafbaar met die boetes vir oortreding van hierdie regulasies, en is aanspreeklik vir die vergoeding van sodanige skade of verlies as wat aan die Raad berokken is of as wat van die Raad verlang kan word om aan enige persoon as gevolg van sodanige verbreking te vergoed.

## 13. DIE RAAD KAN 'N RIOOLPYP VIR ENIGE PERSEEL VOORSKRIF.

Die Raad kan in iedere geval voorskryf aan watter gedeelte van die munisipale rioolpyp enige riool verbind moet word, en op watter diepte onder die grondoppervlakte die gedeelte van sodanige riool wat buitekant die grenslyn van enige eiendom geleë is by die riool op sodanige eiendom moet aansluit.

## 14. TARIEF OM KOSTE VAN TOESIG, ENS., TE DEK.

In alle gevalle waar daar deur die Raad enige werk uitgevoer word ten opsigte waarvan hy geregtig is om kragtens hierdie regulasies die koste op enige persoon te verhaal, kan daar by die aldus geëiste en verhaalbare koste sodanige bedrag ingesluit word as wat die ingenieur voorskryf om die koste van opmetings, ontwerpe, spesifikasies, hoeveelhede, toesig en die gebruik van gereedskap en toerusting te dek, en ook word by sodanige koste ingesluit enige uitgawe of arbeid in verband met die opbreking, herstel en vernuwing van die straat of terrein wat daarby betrokke is.

## 15. RIOOLVULLIS MAG NIE SONDER VERLOF IN RIOLE GELEI WORD NIE.

Niemand mag enige vloeibare of vaste stof 'n riool laat binnegaan of toelaat dat sulks geskied nie, alvorens die eienaar van die huis skriftelike kennisgewing van die Raad ontvang het, soos elders in hierdie regulasies voorgeskryf, nl., dat die verseëlings in die artikel beskryf, verwyder kan word, altyd met dien verstande dat, selfs ná sodanige kennisgewing, slegs sodanige stowwe in so 'n riool gelei mag word of toegelaat mag word om daarin te vloei, as wat kragtens hierdie regulasies veroorloof word. Voorts mag niemand sonder toestemming van die ingenieur die verbinding voltooi tussen die riool op sy eiendom en sodanige gedeelte van die riool vir die gebou op sodanige eiendom as wat buite die grenslyn van sodanige eiendom geleë is nie.

## 16. RAAD EN EIENAARS KAN OOREENKOM DAT KONSTRUKSIEWERK DEUR RAAD UITGEVOER WORD.

Dit is vir die Raad geoorloof om met enige eienaar of okkupeerder van enige perseel ooreen te kom dat enige

such owner or occupier desires or is required by the Council to make, shall be constructed by the Council, and the cost of making such drains, as certified by the engineer, shall be repaid by such owner or occupier to the Council.

#### 17. COMBINED SYSTEM OF DRAINAGE IN CASES OF GROUPS OF ADJACENT BUILDINGS.

